

Wolwe onder die kudde

Teks: Judas 1:1 - 24
Teksvers: Judas 1: 4

1. Inleiding

Geliefdes vanoggend is ons fokus op die boek Judas. Dit is nie 'n bekende boek in die bybel nie, want die eienaam Judas word gewoonlik eerder aan Jesus se verraaier gekoppel as aan hierdie halfbroer van Hom. Maar waarom gaan hierdie kort boek wat slegs uit een hoofstuk bestaan. Met eerste oog opslag is die negatiewe toon van die brief baie duidelik.

Hierdie brief word aan die vroeë kerk geskryf. Maar in plaas van dankbaarheid en seëninge bevat hierdie brief tereg wysing. Hierdie tereg wysing is nodig want daar het verkeerde optrede ontstaan by die kerkmense. Ons kan sê in plaas van goeie vrugte het hierdie broers en susters slegte vrugte, eintlik verbode vrugte gedra.

Want in plaas van die verkondiging van die evangelie, die verlossing waarin gelowiges almal deel het moet Judas oor iets anders skryf in vers 3. En dan volg ons teksvers met 'n beskrywing van mense wat sekere gebruike die gemeente in gedra het.

In die beskrywing van hierdie mense kom daar dan 'n ander baie aktuele onderwerp na vore. Dit is die onderwerp van binne en buite die kerk.

Die gedagte dat alle lidmate van die kerk outomaties gered en verlos is. Met ander woorde dat niemand wat amptelik aan die kerk behoort die ewige hel sal binnegaan nie. Maar dit is nie so eenvoudig nie, en dit is juis hier in die brief Judas wat ons ook sterk uitsprake hieroor ontvang.

Kom ons gaan ondersoek die eienskappe van die mense waarteen Judas gelowiges waarsku. Mense wat binne die grense van die geloofsgemeenskap is, en selfs daar vir ander mense leiding en rigting probeer gee. Hierdie mense is die wolwe in skaapsklere waarna Matteus 7:15 verwys.

2. Goddelose mense

Daar is 'n duidelike uitspraak teen mense wat die gemeente binne gesluip het. Wanneer ons so bietjie na die konteks van hierdie eerste eeuse gemeentes kyk, kom ons die gebruik van lopers tee. Dit eenvoudigste manier om dit te beskryf is rondgaande predikers. Die kerk vandag het 'n negatiewe siening oor sulke rondgaande predikers, juis omdat hulle nie verantwoordbaar teenoor 'n spesifieke kerkraad is nie. Maar die blote tekort aan predikers in hierdie tyd het hierdie tendens genoodsaak.

Ons kan hieruit aflei dat hierdie persone nie ongemerk die gemeentes

binnegekom het nie, maar hulle het wel ongemerk hulle vreemde oortuigings begin oordra. Die eerste manier waarop hierdie persoon eienskappe beskryf word is goddeloos. Dit is nie 'n gewilde woord in die nuwe testament nie. Dit het die betekenis van 'n lewe sonder respek vir God. 'n Tipe lewe waarin ek my eie afgod word. 'n Benadering waar binne alles en almal rondom my en my regte moet buig, selfs al is dit hoe pervers.

Hierdie blatante oortreding van die eerste gebod, word maklik misgekyk vandag. Want hierdie mense wat deel van die kerk is, sê mos dat hulle in God glo. Tog is die duidelik uit hulle oortuigings en uiteindelijke optrede dat hulle ver van God se wil is. Die vrees, eerbied en respek vir die wil van God is nie te vind by hulle nie. Hulle wil die wil van God buig en manipuleer om hulle eie oortuigings te kan uitleef. Die is uiteindelik mense wat soos volg beskryf word in Jesaja 29:13 "Omdat hierdie volk nader kom met hulle mond en My eer met hulle lippe, terwyl hulle hul hart ver van My hou, sodat hulle vrees vir My 'n aangeleerde mensegebod is". Dit is uiteindelik waarom hierdie mense alreeds voorheen bestem is vir die verderf.

3. Losbandige mense

Maar wanneer mense praat en al die regte geluide maak, hoe sal 'n mens weet dat hierdie mense nie gered is nie en dat hulle nie die waarheid praat nie. Die antwoord is dat 'n mens sal sien

wat hulle doen. Hierdie mense misbruik die genade van die Here om te sonde. Eenvoudiger gestel, daar word beweer dat hulle nou maar kan sondig want God het mos alreeds vir hulle sondes gesterwe.

Daar is dan veral een sonde wat uitstaan in hierdie misbruiking van God se genade. Dit is die sonde van Seksuele losbandigheid. Dit werk soos volg. Die Here se genade word gewoonlik misbruik om grense af te breek of eenvoudig te ignoreer. Daarom is ons tekgedeelte vandag ook 'n teksverwysing vir verlede week se Genesis 6 gedeelte. Want dit gaan daaroor dat mense die pertinente grense aan seksuele gedrag oortree. Die Godgegewe veilige grens van die huwelik tussen een gewone aardse man en een gewone aardse vrou. Dit lê ook duidelik in die verwysing na Sodom in vers 7. En ons sien vandag nog hoe die grense rondom geslagtelikheid en die seksuele gereeld uitgedaag word binne die kerk.

Maar in die bybel het losbandigheid ook 'n dieper betekenis. Die Here en Sy volk in die ou Testament, en die Christus en die kerk in die Nuwe testament word gereeld uitgedruk in die beeld van 'n bruid en bruidegom en die gepaardgaande huwelik. Die verleidings en versoekings om ontrou in hierdie huwelik te wees is altyd 'n werklikheid. Losbandige mense of mense wat ongebonden lewe en die liefde van Here as goedkeuring wil

aanvoer, misbruik die genade van die Here. Dit is teen hierdie mense wat Judas waarsku in ons teksvers vanoggend. Hierdie mense is die profete wat in Matteus 7:15 beskryf word. Hulle dring die gemeenskap van die gelowiges in met skaapsklere om juis mense in hulle mag en beheer te kry, en dit strek dikwels selfs tot op die intieme seksuele gebied.

4. Mense wat Christus verloën

Die laaste beskrywing van die mense waarteen gewaarsku word in ons teksvers is op die eintlik die mees ekstreme. Dit behels die verloëning van ons Here Jesus Christus. Ons weet dat Christus die enigste ware hoof en heerser van die kerk is en altyd sal bly. Verder weet ons ook dat die kerk tot vandag toe nog gegrond is in die verlossing in Christus. Daar waar Hy die kerk baie duur met Sy bloed losgekoop het.

Verder weet ons ook dat die kerk gebaseer is op die leerstellings van Christus. Leerstellings wat Hy met woorde en daede ook aan ons hier op aarde kom openbaar het. Daarom is die baie duidelik dat 'n lynregte aggressiewe negatiewe teenoor Christus dadelik veroordeel en verwerp sal word in die kerk. Maar die bose is listiger as dit. Hy kom met subtile verdraaiings van die waarheid. Trouens die hele opbou in ons teksvers getuig van hierdie taktiek. Eers is daar goddeloosheid, waarin Christus

natuurlik nie as God en Here aanvaar word nie. Maar dit gebeur in die geheim agter die skerms.

Dan volg seksuele losbandigheid waarin die liggaam ontheilig word. Die liggaam van die gelowiges wat ook deel van Christus is, soos ons in die skerp veroordeling in 1 Korinthiërs 6:15 sien: “¹⁵Weet julle nie dat julle liggaam deel is van Christus nie? Sal ek nou 'n deel van Christus neem en dit 'n deel van 'n ontugtige vrou maak? Beslis nie!”. Maar ook die kerk as bruid van Christus wat deel word van 'n ontroue ander beweging.

En dan wanneer die waarheid van Christus oor die saak geopenbaar of verkondig word, kom die moeilike antwoorde. Dit is dan hier waar mense nie wil neerbuig voor die gesag van Christus nie. Dit is hier waar Christus se woorde en optrede vinnig verdraai word om iets of iemand anders te dien. Maar Christus se uitspraak in Matteus 10:32 - 33 bly vandag nog net so vas staan:

“³²“Elkeen wat hom voor die mense openlik vir My uitspreek, vir hom sal Ek My ook openlik uitspreek voor my Vader wat in die hemel is. ³³Maar hom wat My voor die mense verloën, sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemel is.

5. Slot

Ons kan vanoggend afsluit uit hierdie boodskap van Judas om weereens die

erns van die suiwer verkondiging van God se woord te beklemtoon. Maar dan het ons ook duidelik gesien dat dit nie daar stop nie. Ons moet ook goeie vrugte dra. Goeie oortuigings handhaaf, wat weer tot goeie besluite en optrede sal lei. Optrede wat dan onteenseglik die gesag van God die Vader en ons Here Jesus Christus in kerk verkondig. Optrede wat werklik deur die Heilige Gees gelei word, en nie deur een of ander mensgemaakte agenda of saak nie.

Verder sien ons duidelik die saak wat ons bely as die ware kerk binne die kerk van die Here. Nie alle lidmate is outomaties gered en uitverkore vir die ewig lewe nie. Met ander woorde ek word nie gered net omdat my naam op die kerkregister staan nie. Inteendeel die bese het in die geskiedenis en sal in die teokoms ook nog baie effektief die kerk ongemerk binne kom. Dit gebeur deur valse profete wat met skaapsklere aan deel word van die kudde, maar in werklikheid wolwe is wat die kudde van binne wil verskeur. Tog bly die groot genade waaraan ons vandag nog vashou die liefde van die goeie herder wat Sy lewe vir Sy skape afgelê het.

Amen